

DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS



Privaat Sak X11, Arcadia, 0007
Ziervogelstraat 574, Arcadia, 0083
Tel. 086-133-3786 / Faks 012-001-8787
akademie@akademie.co.za
www.akademie.co.za

DIE JAN H. MARAISPRYS 2018

13 April 2018

Die Jan H. Marais-prys vir uitstaande bydrae in Afrikaans as wetenskapstaal word vanjaar vir die derde keer toegeken. Die wenner is professor Christo van Rensburg, 'n taalkundige en navorsingsgenoot van die NWU en Marinus Wiechers, 'n regsgeleerde, voorheen verbonde aan die regs fakulteit van UNISA en voormalige rektor van daardie instelling. Vanweë die voortreflike nominasies wat die keurkomitee ontvang het, word die prys van 0,5 miljoen rand gelykop tussen professor Van Rensburg en Wiechers verdeel. Elkeen ontvang ook 'n bronsbeeld deur Coert Steynberg, voormalige skoonvader van prof. Wiechers.

Die Jan H. Marais-prys is 'n huldeblyk aan mnr. Jan H. Marias van Stellenbosch wat sy fortuin in 1915 bemaak het vir die bevordering van Afrikaans en die welsyn van Stellenbosch. Dit is die grootste prys van sy aard in Suid-Afrika.

Die keurkomitee het vandag in Stellenbosch vergader onder die voorsitterskap van prof. Andreas van Wyk, vroeëre rektor van die US. Die keurkomitee het bestaan uit proff. Christoff Heyns van Universiteit van Pretoria se regs fakulteit; prof. Piet Steyn, afgetrede hoof van navorsing aan die US; dr. Johan van Zyl, vorige rektor van UP en tans voorsitter van Sanlam; prof. Hennie van Coller, emeritus uitstaande professor in Afrikaans aan die Universiteit van die Vrystaat. Die prys word geadmistreer deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en die vergadering is ook deur die Akademie se HUB, dr. Dioné Prinsloo, bygewoon.

Die toekennings sal op 30 Mei 2018 by 'n glansdinee te Stellenbosch oorhandig word.

Prof. Van Rensburg word vereer vir 'n loopbaan in diens van Afrikaans en sy historiese variëteite. Hy het baanbrekende werk verrig oor die herkoms van Afrikaans, in besonder die invloed van Khoi-Afrikaans.

Prof. Marinus Wiechers het die weg gebaan vir erkenning van die administratiefreg as 'n sleutelonderdeel van die Suid-Afrikaanse reg. Sy seminale werk het 'n model van die Franse Administratiefreg in Suid-Afrika nagevolg waardeur hy 'n nog immer beduidende bydrae tot die nuwe bedeling in SA gemaak het.


Dr. Dioné Prinsloo, Hoof- Uitvoerende Beampte

Tel. 086 133 3786; Selfoon: 082 464 6953; E-pos: dprinsloo@akademie.co.za




UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY





Prof. Christo van Rensburg



Prof. Marinus Wiechers